**Les 01 Geliefde kinders: Ons is God se geliefde kinders.**

1. **God het ons altyd eerste lief.**
Die Here leer ons in die Bybel dat ons sy geliefde kinders is. Kyk hoe sê die Bybel in 1 Joh. 4 hoe is ons God se geliefde kinders: "[19] Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het."

Eerste liefde!

Dit is waaroor dit in hierdie vers gaan. Wat dink julle is eerste liefde? Dit is om vir iemand lief te hê wat jou nog nie lief het nie. Dit is om jou liefde te gee vir iemand wat nog nie vir jou liefde gegee het nie.

Dit is eerste liefde!

Wie het eerste lief? Het ons vir God eerste lief of het God ons eerste lief? Die Bybel leer dat God het ons eerste lief gehad. Hy het ons lief gehad al het ons Hom nog nie lief gehad nie. Hy gee sy liefde vir ons, al het ons nog nie vir Hom liefde gegee nie.

2. **God het ons uit sy eerste liefde gemaak**.
God se eerste liefde vir ons is nie sommer maar net ’n lekker gevoel wat God vir ons het nie. God het ons so lief gehad dat Hy ons gemaak het. Dit is regtig eerste liefde! Die Here het uit sy liefde uit besluit Hy wil ons maak! Dit is hoe jy ’n baba kon word vir jou ma en pa: God het met sy eerste liefde besluit om jou vir hulle as baba te gee.

Daarom noem die Bybel God se liefde – eerste liefde. Want nog voor jy gemaak was, het God jou so lief gehad dat Hy besluit het om jou te maak. Nog voor jy ’n klein babatjie was, het God jou uit sy liefde gemaak. Kon jy God al lief hê terwyl jy ’n klein babatjie was? Jy kon nie. Jy het nie eers geweet dat Hy jou gemaak het nie. Jy het nie eers geweet wie jy is nie. Toe al het God jou uit liefde gemaak en lief gehad.

3. **God se eerste liefde laat ons sy kinders wees**.
God se eerste liefde laat ons nie net ons ouers se kinders wees nie. God se liefde maak dat ons die Here se kinders is. Kyk hoe sê die Here dit in die Bybel in 1 Joh. 3 vers 1: "Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God, en ons is dit ook.

God het ons nie sommer maar net gemaak en nou is ons sommer maar net mense nie. God het ons sy kinders gemaak. Hoe maak God iemand sy eie kind? Kyk hoe sê die Here dit: Hy bewys aan ons sy groot liefde as Vader. God laat ons sy kinders wees want Hy bewys sy groot liefde aan ons.

Hoe groot dink julle is God se liefde? Dit is net so groot as wat God is. God is so groot dat alles wat bestaan deur Hom gemaak is. Hy het al die planete, sonnestelsels en galaksies gemaak. Hy het alles wat lewe gemaak. God is oneindig groot. God is almagtig groot. God is ewig groot. En dit is met hierdie groot liefde wat God ons lief het. Daarom is ons sy kinders. Hy het ons met sy groot liefde waarmee Hy God is, lief.

4. **God het ons werklik lief.**
God het ons eerste lief. God bewys sy groot liefde aan ons. En God se liefde vir ons is regte liefde. Kyk hoe wys die Here dit in 1 Joh. 4: [10] Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes."

Werklike liefde! Dit is die liefde wat die Here vir ons het.

Hoe verskil werklike liefde van liefde wat nie werklik is nie? Hoe verskil regte liefde van liefde wat nie regtig is nie?

Kom ons kyk na 'n paar voorbeelde!

5. **Hoe werk regte liefde en hoe werk liefde wat nie regtig is nie**.
Party keer werk dit só: as party kinders goed doen met rugby, krieket, netbal of swem by die skool, dan wil hulle pa's en ma's altyd saam met hulle skool toe kom en kom kyk na hoe speel hulle. Maar as hulle nie goed doen nie, dan kom kyk hulle pa's en ma's nie hoe speel hulle nie.

Watter een is regte liefde?

Regte liefde is wanner pa's en ma's altyd kom kyk hoe speel hulle kinders. Hulle wil hê hulle kinders moet altyd voel hulle kyk na hulle. Dit maak nie saak hoe goed doen hulle kinders nie.

As ouers na jou kom kyk net omdat jy so goed doen, maar nie kom kyk as jy nie goed doen nie, is dit regte liefde? Dit is nie regte liefde nie.

Party keer werk dit só: as party kinders soet en oulik is, dan is hulle ouers lief vir hulle. Dan druk hulle hul kinders vas, is hulle vriendelik, geduldig en goed vir hulle kinders. Maar as hulle kinders stout en mislik is, dan het hulle hul kinders nie meer lief nie. Dan wil hulle niks met hulle kinders te doen hê nie. Dan praat hulle sleg van hulle eie kinders by ander mense. Dan skree en vloek hulle op hulle kinders en is hulle sleg vir hulle kinders.

Watter een is regte liefde?

Regte liefde is die een waar ouers kinders vashou en 'n drukkie gee, al is hulle stout en mislik. Regte liefde is waar ouers geduldig, vriendelik en goed is vir hulle

kinders, maak nie saak of hulle kinders soek en oulik of mislik en stout is nie. Regte liefde is waar ouers streng is, maar nooit hulle stout en mislike kinders vloek en skel nie.

6. **Regte liefde is liefde sonder rede**.
Dit is regte liefde. Regte liefde werk só! Sommer! Daar is nie 'n rede vir regte liefde nie.

Vir liefde wat nie regtig is nie moet daar altyd 'n rede wees. As jy goed is, kry jy liefde. As jy soet is kry jy liefde. As jy oulik is kry jy liefde! As jy gehoorsaam is, kry jy liefde! As jy liefdevol is, kry jy liefde. Liefde wat nie regtig is nie, wil altyd iets hê.

Vir regte liefde is daar nie redes nodig nie. Regte liefde wil nooit iets hê nie. Dit is sommer net liefde.

God het ons met werklike liefde lief. Hy het ons regtig lief! Hoe weet ons dit? Kyk wat sê die Bybel! Die Here het ons so lief dat Hy ons met al ons mislikheid en stoutheid lief het: "[10] Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes."

Die Here het vir Jesus gestuur om vir ons sondes te sterf. Nie een sonde wat ons doen kan maak dat die Here ons nie lief het nie. Al die sondes wat ons doen kan ook nie maak dat die Here ons nie liefhet nie. Die Here aanvaar ons en het ons lief. Dit maak nie saak watter sonde ons doen of hoeveel sondes ons doen nie. Dit wat die woord "versoening" beteken. Die Here het self vir ons sondes gesterf sodat Hy ons altyd liefhet – maak nie saak of ons Hom lief het en of ons sonde doen nie.

Die Here het ons nie lief omdat ons Hom lief het nie. Die Here het ons nie lief omdat ons gehoorsaam is nie. Die Here het ons nie lief omdat ons soet en oulik is nie.

Die Here het ons lief. Sommer! Hy wil ons lief hê sonder enige rede. Hy wil ons lief hê sonder om iets van ons te wil hê. Hy het ons lief al kry Hy nie iets van ons af nie.

Dit is werklik liefde.

7. **Geliefde kinders**.
Ons is die Here se geliefde kinders.

- Hy het ons altyd eerste lief. Hy het ons nooit lief omdat ons Hom lief het nie.
- Hy het ons altyd met sy groot liefde lief waarmee Hy God is.
- Hy het ons werklik lief al doen ons sonde en is ons ongehoorsaam.